Pretoria- 10 Februarie 2013

Skriflesing: Romeine 6:1-23 ; 7:14-26
Belydenis- **Dordtse Leerreëls Hoofstuk 5 paragraaf 1 en 2**
Teks**: Romeine 6:11**
Sing- Ps. 119:20; Ps. 119:26; Sb.33:1,3

Rom 6:1 Wat sal ons dan sê? Sal ons in die sonde bly, dat die genade meer kan word?
Rom 6:2 Nee, stellig nie! Ons wat die sonde afgesterf het, hoe kan ons nog daarin lewe?
Rom 6:3 Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie?
Rom 6:4 Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel.
Rom 6:5 Want as ons met Hom saamgegroei het deur die gelykvormigheid aan sy dood, sal ons dit tog ook wees deur dié aan sy opstanding;
Rom 6:6 aangesien ons dit weet dat ons oue mens saam gekruisig is, sodat die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word en ons nie meer die sonde sou dien nie.
Rom 6:7 Want hy wat gesterf het, is geregverdig van die sonde.
Rom 6:8 As ons dan saam met Christus gesterf het, glo ons dat ons ook saam met Hom sal lewe,
Rom 6:9 omdat ons weet dat Christus, nadat Hy opgewek is uit die dode, nie meer sterf nie. Die dood heers oor Hom nie meer nie.
Rom 6:10 Want die dood wat Hy gesterf het, het Hy vir die sonde eens en vir altyd gesterwe; maar die lewe wat Hy leef, leef Hy vir God.
Rom 6:11 So moet julle ook reken dat julle wel vir die sonde dood is, maar lewend is vir God in Christus Jesus, onse Here.
Rom 6:12 Laat die sonde dan in julle sterflike liggaam nie heers dat julle aan sy begeerlikhede gehoorsaam sou wees nie.
Rom 6:13 En moenie julle lede stel tot beskikking van die sonde as werktuie van ongeregtigheid nie, maar stel julleself tot beskikking van God as mense wat uit die dode lewend geword het, en julle lede as werktuie van geregtigheid in die diens van God.
Rom 6:14 Want die sonde sal oor julle nie heers nie; want julle is nie onder die wet nie, maar onder die genade.
Rom 6:15 Wat dan? Sal ons sonde doen, omdat ons nie onder die wet is nie maar onder die genade? Nee, stellig nie!
Rom 6:16 Weet julle nie dat aan wie julle julself as diensknegte tot beskikking stel om hom gehoorsaam te wees, julle diensknegte is van hom aan wie julle gehoorsaam is nie òf van die sonde tot die dood, òf van die gehoorsaamheid tot geregtigheid?
Rom 6:17 Maar ons dank God dat julle wel diensknegte van die sonde was, maar van harte gehoorsaam geword het aan die voorbeeld van die leer wat aan julle oorgelewer is,
Rom 6:18 en, vrygemaak van die sonde, het julle diensbaar geword aan die geregtigheid.
Rom 6:19 Ek spreek menslikerwys ter wille van die swakheid van julle vlees; want net soos julle jul lede diensbaar gestel het aan die onreinheid en wetteloosheid om wetteloos te wees, so moet julle nou jul lede diensbaar stel aan die geregtigheid tot heiligmaking.
Rom 6:20 Want toe julle diensknegte was van die sonde, was julle vry van die geregtigheid.
Rom 6:21 Watter vrug dan het julle toe gehad van die dinge waaroor julle jul nou skaam? Want die uiteinde daarvan is die dood.
Rom 6:22 Maar nou dat julle vrygemaak is van die sonde en diensbaar geword het aan God, het julle jul vrug tot heiligmaking en uiteindelik die ewige lewe.
Rom 6:23 Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here.

Romeine 7:14-26

Rom 7:14 Want ons weet dat die wet geestelik is, maar ek is vleeslik, verkoop onder die sonde.

Rom 7:15 Want wat ek doen, weet ek nie; want wat ek wil, dit doen ek nie, maar wat ek haat, dit doen ek.
Rom 7:16 En as ek doen wat ek nie wil nie, dan stem ek die wet toe dat dit goed is.
Rom 7:17 Maar nou is dit nie meer ek wat dit doen nie, maar die sonde wat in my woon.
Rom 7:18 Want ek weet dat in my, dit wil sê in my vlees, niks goeds woon nie; want om te wil, is by my aanwesig, maar om goed te doen, dit vind ek nie.
Rom 7:19 Want die goeie wat ek wil, doen ek nie, maar die kwaad wat ek nie wil nie, dit doen ek.
Rom 7:20 Maar as ek doen wat ek nie wil nie, dan doen ek dit nie meer nie, maar die sonde wat in my woon.
Rom 7:21 Ek vind dus hierdie wet: as ek die goeie wil doen, is die kwaad by my aanwesig.
Rom 7:22 Want ek verlustig my in die wet van God na die innerlike mens;
Rom 7:23 maar ek sien 'n ander wet in my lede wat stryd voer teen die wet van my gemoed en my gevange neem onder die wet van die sonde wat in my lede is.
Rom 7:24 Ek, ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood?
Rom 7:25 Ek dank God deur Jesus Christus, onse Here! (7:26) So dien ek self dan wel met die gemoed die wet van God, maar met die vlees die wet van die sonde.

Dordtse Leerreëls :
Hoofstuk 5- par 1 en 2
1. Hulle wat God na sy voorneme tot die gemeenskap van sy Seun, ons Here Jesus Christus, roep en deur die Heilige Gees wederbaar, verlos Hy wel van die heerskappy en slawerny van die sonde. Tog verlos Hy hulle in hierdie lewe nie heeltemal van hulle sondige natuur en bestaan nie.
2. Hieruit ontstaan die daaglikse sondes van swakheid, en selfs die allerbeste werke van die heiliges is nog gebrekkig. Daarom moet hulle hulle voortdurend voor God verootmoedig, hulle toevlug tot die gekruisigde Christus neem, die sondige natuur hoe langer hoe meer doodmaak deur die Gees van die gebed en heilige geloofshandelinge, en vurig na die bereiking van die volmaaktheid verlang. So moet hulle volhard totdat hulle, losgemaak van hierdie sterflike liggaam, met die Lam van God in die hemel regeer.

Rom 6:11 So moet julle ook reken dat julle wel vir die sonde dood is, maar lewend is vir God in Christus Jesus, onse Here.

Skriflesing: Romeine 6:1-23 ; 7:14-26
Belydenis- **Dordtse Leerreëls Hoofstuk 5 paragraaf 1 en 2**
Teks**: Rom 6:11**
Sing- Ps. 119:20; Ps. 119:26; Sb.33:1,3
Daar is 'n pragtige samehang in die Dordtse Leerreëls. Broeder en suster, in hfst. 1 het ons bely dat God na sy welbehae, voor die grondlegging van die wêreld, sy kinders uitverkies het. Alle mense was verlore, geeneen wat ná die sondeval homself/haarself sou kon red nie. Uit die hele mensdom het God die getal uitverkies wat God alleen sou red. In hfst. 2 het ons gesien dat vir hierdie redding het God sy Seun gestuur. Alleen die Seun van God wat vir ons op Golgota moes sterwe kon vir ons sondes betaal. Hfst. 3/4 het die hoofsaak gegaan oor hoe al die dinge wat God vir ons doen, Hy het ons uitverkies, Hy het sy Seun gestuur, maar hoe word dit deel van ons. Weereens het hfst. 3/4 as vertrekpunt dat alleen God deur die Heilige Gees ons as uitverkorenes vir God lewend maak.

Hoofstuk 5 wat as die laaste hoofstuk van die Dordtse Leerreëls vandag begin, staan weer ten volle in aansluiting by die vorige hoofstukke. Dit gaan oor hoe God sy kinders wat Hy verlos het, kragtig bewaar. Daar is nie een wat onder die beskerming van die Here verlore kan gaan as God hom/haar uitverkies het nie. As God ons nie in hierdie lewe in sy hande bly hou nie, as God ons nie die hele tyd van ons lewe op aarde bewaar nie, dan sal ons die einde nooit bereik om as geredde kind van God te volhard nie.

Om as gelowige kind van die Here te bly volhard is gawe en vrug van die goddelike bewaring. Ons kan hier dink aan hoe Paulus vir die Filippense dit uitlê in hfst..1:6- … *dat Hy wat 'n goeie werk in julle begin het, dit sal voleindig tot op die dag van Jesus Christus.*

***

Hier kom ons belydenis weer in ernstige verskille met die Remonstrante te staan. Die Remonstrante sê dat ons alleen van volharding kan praat in soverre die gelowige in homself/haarself bereid is om in hulle geloof staande te bly. As jy as gelowige dan nie bereid is om aan die Here getrou te bly nie dan kan jy nie van die Here verwag om jou te bewaar nie. So stel hulle die krag van God se bewaring afhanklik van jou as mens of jy werklik bereid is om vir God te lewe, vir Hom staande te bly. 'n Remonstrant is oortuig dat 'n geredde mens, wel vanweë sy sonde en ongehoorsaamheid uit die genade van God kan uitval. Ja, volgens hulle sondig só 'n mens tot die dood toe wat as sonde téén die Heilige Gees kan maak dat al was so 'n mens aanvanklik gered, hy/sy dan wel later ewige verlore kan gaan.

***

Hierteenoor stel ons belydenis dit baie sterk dat ons met alle krag daaraan moet vashou dat so min as wat ons redding van onsself kon afhang net so min kan ons volharding van onsself afhang. Ons wil in alle opsigte bly glo dat God ons tot die dood toe kragtig bewaar. Ja, sommige beskou hierdie hoofstuk as die kroonstuk van die Dordtse Leerreëls . Hierdie vyftien paragrawe van hfst. 5 kan as volg ingedeel word. Vandag kyk ons net na paragraaf 1 en 2, wat handel oor hoe **noodsaaklik** dit is dat God ons sal bewaar. Paragraaf 3 handel steeds oor die **noodsaak** van die bewaring. Paragrawe 4-8 handel oor die **wyse** van God se bewaring. Daarna kom paragrawe 9 – 15 wat handel oor ons **sekerheid.** Hoe kan ons seker wees van God se bewaring.

In paragraaf 1 van hierdie hoofstuk is 'n kernwoord die feit dat die uitverkorenes verloste kinders van God is. Die woord verlos kom 2X in die kort paragraaf voor. Soos in geheel van

die Dordtse Leerreëls word dit weer onderstreep dat dit is alleen God se werk. God het ons verlos. Anders sou ons nooit verlos kon wees nie. Die mens is so verlore in homself/haarself dat die mens baie keer nie eers die werklike diepte van sy verlorenheid besef nie. As God nie ingegryp het nie, dan sou geen mens ooit verlos kon word nie.

As deel van God se werk, God wat ons in Christus verlos het, kom ons in paragraaf 1 by wat God nog méér doen. God roep die verlostes. Die eerste sin stel dit voorop**. Hulle wat God na sy voorneme tot die gemeenskap van sy Seun, ons Here Jesus Christus, roep...** Hierdie roeping tot gemeenskap met die Seun van God word tegelyk 'n saak van wedergeboorte. Die geroepene word deur die Heilige Gees wedergebore. So word die verloste mens in sy roeping deur God Drie-Enig gekonfronteer. Die voorneme van God die Vader, die gemeenskap van God die Seun, die wedergeboorte van God die Heilige Gees gee beslag aan wat ons roeping waarlik moet wees. Sonder hierdie voorneme en gemeenskap en wedergeboorte sou ons nie kon glo nie. Daarsonder was ons saligheid uitgesluit.

God se roeping het 'n doel. Ons kan dit God se verlossingsplan noem. Die Dordtse Leerreëls praat van die voorneme van God waar God aan sy eie roeping getrou sal bly. Ons moet in gemeenskap met Christus, God se plan raaksien. Dit is deel van God se plan, God se voorneme om ons in gemeenskap met sy Seun te bring. Die woord gemeenskap is baie duidelik 'n verbondsterm. Sien jou deel raak, raak betrokke, erken jou deel. As die uitverkorene nie in gemeenskap met Christus tree nie, dan sal die uitverkorene nie deelgenoot kan wees van die verlossing soos deur Christus vir ons verwerf nie. Roeping is waar God die uitverkorene in gemeenskap met Christus bring. 1 Kor. 1:9 *9 God is getrou, deur wie julle geroep is tot die gemeenskap met sy Seun Jesus Christus, onse Here.* In 2 Tessalonisense 2:13-14 word hierdie roeping aan ons deur die evangelie gekommunikeer. ... *dat God julle van die begin af verkies het tot saligheid in heiligmaking van die Gees en geloof in die waarheid, 14 waartoe Hy julle geroep het deur ons evangelie om die heerlikheid van onse Here Jesus Christus te verkry.*

Om dit in ons eie woorde op te stel. God se daadwerklike roeping bring ons in gemeenskap met Christus, sodat ons in Christus kan wees, maar Christus ook in ons. Ons kry nou in alles deel. In die vergewing van sondes, in sy regverdigheid, sy heiligheid, Hy wat ons regverdig maak, ons kry deel, selfs in Sy lewe, in Sy opstanding, Hy is ons deel aan die regterhand van

God. Op grond hiervan kan Paulus dit in Gal 2:20 baie sterk stel- *20 Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het.*

Die opstellers van die Dordtse Leerreëls wil ons tot hierdie dinge opwek. Jy moet 'n ware vreugde en liefde in jou laat groei om so in Christus deel van Hom te wees. Daarvoor maak God jou vry dat jy wedergebore kan wees deur sy Heilige Gees want die einde van paragraaf 1 is ook 'n werklikheid in elke gelowige kind se lewe. Dit gaan oor die feit van al is ek verlos, al is ek wedergebore, al het ek ten volle deel in wat Christus vir jou en my wou doen, is daar die sondes waarteen ons nog sal moet bly stry.

***

Die sonde wat as ander here na ons toe kom. Die sonde wat die heerskappy in ons lewe wil voer. Die mens wat slaaf geword het van die sonde. Jesus stel dit in die evangelie van Johannes sterk as Hy sê: *Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle dat elkeen wat die sonde doen, 'n dienskneg van die sonde is.* In Romeine 6 herhaal Paulus dit dat ons wat slawe van die sonde was, God het ons vrygemaak. Ons wat wedergebore is, kan nie meer slawe van die sonde wees nie. Soos wat die Dordtse Leerreëls dit dan stel dat al is ons **verlos van die heerskappy en slawerny van die sonde,** beteken dit nie dat ons nie meer sondaars is nie. Ons sondig nog elke dag, ons is op so baie maniere nog met die sonde besig. Die verlossing in hierdie lewe het steeds sy skadukant. Die Here het ons nie heeltemal van ons sondige natuur en bestaan verlos nie.

Ons verkeer in 'n spanningsveld. Al kan die duiwel en dit wat sonde is ons nie in totaliteit beheer nie, ons is nie langer onder die heerskappy van die sonde en die duiwel nie, die Here is ons Koning, Hy regeer oor ons. Hiermee saam die sonde is allermins dood in ons lewe. Ons moet teen die sonde bly stry. Paulus erken ook in Romeine 6 dat die sonde nog vol lewe is. Dit is wel **ons** wat vir die sonde **dood** moet wees (Rom.6:11). Hier kom die onderskeid wat ons moet maak. Die sonde kan nie meer oor ons die heerskappy voer nie maar die vlees van die sonde is nog ons vlees. Daarin staan ons nog so verleë. Die vlees of die liggaam van die sonde is nog in ons aan die werk. Baie keer sodanig dat dit lyk of ons lewens deur die sondes bepaal en beheers word. Die sonde bly 'n werklikheid. Ons is daaraan blootgestel.

Dit woel in ons menslike hart, in ons denke, in ons woorde en kom soms ook tot uiting in ons dade. Al die lede van ons liggaam word aangeval. Ons oë en ore, hande en voete, emosies en verstand ens. Dit is die werklikheid. Nee, geen oorheersende werklikheid nie. Maar wel 'n werklikheid wat elke christen tydens hierdie lewe diep raak. Dit veroorsaak baie spanning, baie stryd. Eenkant die wonder van hoe God na ons kyk uit die regsposisie van Christus. Jy my kind is in Christus geregverdig, ek noem jou nie meer sondaar nie, maar my kind. 'n Kind in Christus vrygespreek maar dan staan ons met die praktiese lewe waar ek elke dag sondaar is en sonde doen. Luther het dit soos volg wou opsom- Tegelyk regverdig en sondaar.. Regtens geen sondaar meer, prakties wel sondaar. Ons **staat** is die van 'n vrygespreekte kind van God, maar ons **stand** is die van 'n sondaar.

Wanneer paragraaf 2 van hfst. 5 nog dieper ingaan op die noodsaak dat God ons moet bewaar dan is die werklikheid van ons sonde baie sterk gestel. Ons allerbeste werke is nog gebrekkig. Jes. 64:6 staan dat al ons geregtighede is voor die Here soos 'n besoedelde kleed. In die Statevertaling staan dit is 'n wegwerplike kleed, dit is niks werd nie. In Pred. 7:20 staan ook- *daar is geen regverdige mens op die aarde wat goed doen sonder om te sondig nie.*

Ons moet ons voortdurend vóór God verootmoedig. Dit waaroor die voorbereiding tot Nagmaal ook gaan. Voorbereiding is niks anders as verootmoediging nie. Baie duidelik is Paulus aan die einde van Romeine 7 deur en deur met verootmoediging besig. Jy word klein, jy dink klein van jouself. Jy erken en herken jou swakheid en sonde. In alle opsigte erken jy hoe afhanklik ek van God se genade is. Hoe kleiner ek myself sien hoe groter word God se genade vir my. Volgende Sondag sal ons by die Nagmaal weer die erkenning moet maak. Dat daar in ons nog soveel sonde agterbly. Ons is op geen manier volmaak nie en sonder sonde nie.

'n Tweede uitwerking wat die daaglikse sonde op die gelowige uitoefen is dat ek steeds my toevlug na Christus sal neem. Met my sonde en skuld neem ek steeds weer my toevlug tot Christus en sy soenoffer aan die kruis. Ek kan geen oomblik sonder Hom nie. A.g.v. my daaglikse sonde besef ek des te meer hoe onmisbaar Hy is. Ek verlang na die vergewing van sondes en die lewe in Hom. Ja, juis my sondes dryf my weer na die kruis toe. Die kruis bly die groot oriëntasie punt tot die einde van ons lewe. Daarom vier ons steeds weer die heilige Nagmaal om, in die stryd teen die sonde, van Christus se verlossingswerk verseker te wees.

Hy is en bly die enigste grond van ons heil.

Die vraag vanoggend met die owerspelige vrou in Joh. 8 was, hoe naby is jy aan jou verlossing? 'n Mens se sélf -ontmaskering wat word 'n sélf -aanklag. Christus in my en ek in Hom, Om jou toevlug na die gekruisigde Christus te neem is waarlik om nader aan jou verlossing te kom. Ons word ontmasker, ons word aangekla om ons vertroue en ons verlange in gebed en heilige geloofshandelinge hoe langer hoe méér uit te voer. Dit bepaal die derde uitwerking van die daaglikse sonde op ons lewe. Ons moet ons sondige natuur wil doodmaak. Hierin laat die Gees ons nie passief nie. Die Gees sit ons aan die werk om die sondige natuur dood te maak. Dit kom as't ware deur geestelik al hoe fikser te word. Presies dit wat Paulus ook vir Timotheus gesê het- 1 Tim 4:7- *oefen jou in die godsaligheid...*

Wanneer mens in godsaligheid al fikser word, jy doen al meer die oefening van die Gees, die Heilige Gees laat jou groei in heiligmaking dan sal ons gebede en heilige geloofshandelinge in alle opsigte vurig na die bereiking van die volmaaktheid verlang. Hierdie vurige verlange is dan die vierde uitwerking van die sonde op ons as gelowiges. Die ervaring van die sonde laat ons met die bruidsgemeente uitroep: *Kom, Here Jesus, kom gou.* Of soos die nagmaalsformulier dit sê: "Ons sien met groot verlange uit na sy verskyning in heerlikheid, na die bruilofsmaal van die Lam, wanneer Hy die wyn saam met ons sal drink in die koninkryk van sy Vader. Dan sal die stryd verby wees. En die verlossing volkome. Wie sou nie daarna verlang nie? En hom nie daarop voorberei nie?" Hierdie verlange gee krag, vreugde en volharding in die stryd van die geloof. Christus is reeds besig om my van die sonde te bevry en Hy sal dit voltooi.

AMEN

Pretoria- 10 Februarie 2013

Hoofstuk 5
Die volharding van die heiliges

Paragraaf 1



Paragraaf 2